# Graad 4-6

Gesels saam

GRAAD 4-6

## WELKOM

Maak ’n “human knot” saam. Dit werk so: Staan in ’n sirkel en kyk vir mekaar. Almal moet dan hulle linkerhande in die lug steek en iemand oorkant hulle se linkerhand neem. Daarna moet almal hulle regterhande in die lug steek en iemand anders oorkant hulle se regterhand neem. Jy mag nie dieselfde persoon se hande neem nie, en ook nie die persone langs jou s’n nie. Die groep moet dan probeer om hulleself te “ontknoop” sodat hulle weer ’n sirkel vorm, maar hulle mag nooit mekaar se hande los nie.

Dit is moontlik dat die knoop nie ontknoop kan word nie, of dat daar twee sirkels vorm. As julle op ’n punt kom wat julle nie verder kan gaan nie, begin van voor af en probeer ’n tweede keer. Die speletjie begin met almal in ’n chaotiese knoop en eindig wanneer almal een groot sirkel vorm.

Terwyl die groep in ’n sirkel staan, gesels saam oor die ervaring:

- Hoe het dit gevoel om so “geknoop” te wees?
- Hoe voel dit wanneer jou lewe deurmekaar en chaoties is?

Vandag gesels ons oor God wat skep en orde bring in ’n chaotiese wêreld.

## WONDER

Gebruik die hulpmiddel “Die skepping” om Genesis 1:1–2:4 vir die jongmense te vertel. Ná elke dag kan die fasiliteerder sê: “En dit was goed.”

Lees dan Genesis 1:14–2:4 saam.

Ons sien dat God uit chaos – woes en deurmekaar – geskep het. God het vir die wêreld ’n ritme en balans gegee. God het vir elke ding – plante, diere, water, lug en mense – ’n doel gegee. God is nie klaar met die wêreld nie. God is steeds besig om te skep.

Gesels saam:

- Waar sien julle iets moois in die skepping?
- Waarom dink julle het God orde in die wêreld gebring? Hoekom het Hy nie net die chaos gelos nie?
- Hoe verskil God se skepping van ’n wêreld vol chaos?

## WEES

Hou ’n skattejag. Loop oor die kerkterrein en soek items wat iets van elke dag van die skepping verteenwoordig. Gaan terug na die ontmoetingslokaal en wys vir mekaar wat julle gevind het (of vertel wat julle gesien het).

## WEGSTUUR

Kies ’n dag in die week om na die sterre te kyk. Terwyl jy daarna kyk, onthou dat God die wêreld goed geskep het.